



Grondbone onder besproeiing RIGLYNE VIR PRODUKSIE

L. Salomon, Landbounavorsingsraad: Instituut vir Graangewasse



Alhoewel grondtipe en kultivarkeuse baie belangrike oorwegingsfaktore is, kan grondboonprodusente nie dít alleen in gedagte hou wanneer hulle hul grondboonopbrengs wil optimaliseer nie. Die plante se ontwikkelingsfase en die waterbehoefte in elke groeistadium is ewe belangrik.

Grondtipe

Grondbone, ongeag die kultivar, verkies sanderige grond. Die beste gehalte en hoogste grondboon-opbrengste word met hierdie grondtipe behaal.

Groei en waterverbruik

Om 'n hoë opbrengs te verseker, is die korrekte waterbestuur tydens elke groeistadium van grondbone van uiterste belang. Eerstens moet die groeistadia onderskei kan word.

Groei

Grondbone het vier groeistadia:

- ontkieming
- voor-bloem/bloem
- ankervorming/peulset en
- peulvulling/volwassenheid.

Voordat 'n grondboon begin bloem, is die plant in 'n vegetatiewe stadium van groei. Die reprodusiewe stadium neem 'n aanvang wanneer die plant begin bloem en duur voort

tydens peulvorming en volwassenheid. Die water- en besproeiingsbehoefte van grondbone verskil van stadium tot stadium en korrekte besproeiingskedulering kan gevolglik 'n wesenlike impak op die grootte van jou opbrengs hê.

Afgesien daarvan dat dit aan die gewas se waterbehoefte voldoen, het besproeiing ook die volgende voordele:

- bevorder goeie saadontkieming,
- voorkom waterstremming (of droogte),
- verminder produksierisiko's,
- bevorder die korrekte werking van onkruidodders,
- peule word eenvormig ryp,
- verbeter die opname van voedingstowwe vanuit die grond,
- verminder hittestremming,
- vergemaklik die oesproses omdat die grond nie droog is tydens oestyd nie, en
- die vlakke van aflatoksien in peule en pitte is laer. (Aflatoksien word geproduseer wanneer grondbone deur swamme wat aflatoksien vervaardig, besmet word.)

